



Vak: Graad 8 Afrikaans: Huistaal

Onderwerp: Afrikaans Huistaal: Kwartaal 1 - Eksamen 1

Totaal: 99 Punte

1. D: gedaan → meer gedaan → mees gedaan

4 punte

Verduideliking:

Deelwoorde wat as bywoorde of byvoeglike naamwoorde optree, kry **-er** of **meer** en **-ste** of **-mees**.

- gedaan → meer gedaan → mees gedaan

2. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Homonieme is woorde wat dieselfde klink en dieselfde lyk, maar het verskillende betekenis, byvoorbeeld:

- **duur**: Die kompetisie sal twee weke **duur** / Ek kan nie die **duur** motor bekostig nie

3. gebreek | gebroke

3 punte

Verduideliking:

Die persoon se hart is nie letterlik gebreek nie, dit is net 'n figuurlike manier om uit te druk dat die persoon deur 'n emosionele teleurstelling gegaan het. Die hart word oor die algemeen met liefde en emosie geassosieer.

4. letterlik | figuurlik

4 punte

Verduideliking:

Die stout seun trek sy skoene aan. - letterlike betekenis.

Die stoute skoene aantrek en iets doen. — (figuurlik) al jou moed bymekaarskraap en iets uitdagends doen.

5. C: voornaamwoord

4 punte

Verduideliking:

Voornaamwoorde dui altyd die persoon of persone aan, soos **ek, jy, my, hulle, ons, hy, sy**, ens.



6. A: bloedweinig

4 punte

Verduideliking:

As jy iets **boedweinig** doen, beteken dit dat jy dit **erg min** doen.

- Hy gaan **bloedweinig** biblioteek toe, want hy lees nie graag nie.

7. D: Jy kan dit doen, of jy kan dit los.

4 punte

Verduideliking:

REËLS en METODE:

- GEEN verandering in woordorde
- Sin 1 - komma (,) ('en' en 'of' kry nie 'n komma nie)
- Sin 2 punt (.)

Jy kan dit doen. Jy kan dit los. (of)
Jy kan dit doen, of jy kan dit los.

8. oulike | oulike.

3 punte

Verduideliking:

'n **Byvoeglike naamwoord** bepaal of beskryf die **selfstandige naamwoord**.

Dit spesifiseer dus die **eienskappe** van 'n **selfstandige naamwoord**.

- Hoog - Hoë
- Moeg - Moeë
- Leeg - Leë
- Koud - Koue
- Breed - Breë

9. woordorde | draai om | werkwoord | einde

4 punte

Verduideliking:

Groep 3 voegwoorde: Die **woordorde draai om** in die sin en die **werkwoord** gaan tot die **einde** van die sin.

- Almal ruim eers op. Ons gaan ry
- **VOORDAT** ons gaan ry, ruim almal eers op.



10. stapelgek | dolverlief | dolgelukkig | doodbang

8 punte

Verduideliking:

Verskillende **emosies** wat deur intensiewe vorme uitgedruk word:

- iemand wat baie **gek** is, is **stapelgek**
- as iemand baie **verlief** is, is hy **smoorverlief**
- as iemand baie **gelukkig** is, is sy **dolgelukkig**
- iemand wat baie **bang** is, is hy **doodbang**.

11. waar

2 punte

Verduideliking:

As iemand in die geselskap sit en niks praat nie (letterlike betekenis), sê ons: **Hy sit met sy mond vol tande.**

12. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Iets wat baie blou is, is **potblou**.

So is baie swart, **pikswart** en baie rooi, **bloedrooi**.


Dit weerspieël die **intensiteit** van die kleur.

13. nie

3 punte

Verduideliking:

Ek ry fiets > Ek ry **nie** fiets **nie**.



Reël 1:

As dit 'n gewone sin is, gebruik ons altyd twee "nie's".

Die eerste 'nie' kom altyd na die eerste werkwoord en die tweede 'nie' kom aan die einde van die sin.

Ek lees 'n boek > Ek lees nie 'n boek nie.

14. moeilike | slim | vriendelike

6 punte

Verduideliking:

Attributiewe (voor die woord) en predikatiewe (na die woord) gebruik: Die byvoeglike naamwoord kan in 'n sin of voor die selfstandige naamwoord staan of daarna.

Dit is 'n lang pad (attributief) Die pad is lank (predikatief).

15. D: Barend sê dat hy moeg is, want hy het niks geslaap nie.

4 punte

Verduideliking:

Voornaamwoorde verander van die direkte na die indirekte rede:

- Ek, jy word **hy, sy**
- Ons, julle word **hulle**
- Myne, joune word **syne, hare**

1. Die bestuurder het gesê: “**Ek** gaan **jou** more nog een kans gee om te betaal.

2. Die bestuurder het gesê dat **hy hom** nog die volgende dag een kans sal gee om te betaal.

16. onwaar

2 punte

Verduideliking:

In Afrikaans skryf ons gewoonlik intensiewe vorme **altyd vas** (as een woord), **behalwe** by *wawyd oop, wawyd wakker, nugter wakker, alom bekend en blakend gesond*.

17. waar

2 punte

Verduideliking:

'n **Afkappingsteken** word gebruik om lees makliker te maak by **meervoude** en **verkleinwoorde**.

18. D: Soortname

4 punte

Verduideliking:

Eienskappe van 'n soortnaamwoord:

- Jy kan dit met jou sintuie waarneem. Jy kan aan dit vat, dit sien, voel en proe.
- Dit kan meervoude hê.
- Dit kan verkleining hê.
- Daar kan 'n die of 'n vooraan kom.



19. Ek eet baie, want ek is baie honger.

3 punte

Verduideliking:

Daar is **geen verandering** in woordorde nie. Daar kom **ALTYD** 'n komma voor **“want”**.

Sin 1 + voegwoord + sin 2: Ek eet baie, **want** ek is baie honger.

20. daardie | hare | daar | sy

8 punte

Verduideliking:

In die **indirekte rede** verander die **voornaamwoorde**:

- **myne** word **syne of hare**
- **joune** word **syne of hare**

In die **indirekte rede** verander die **bywoord van plek**:

- **hierdie** word **daardie**
 - **hier** word **daar**
-

21. polisemie

3 punte

Verduideliking:

Poliseme is woorde wat **verskeie**, maar **verwante** betekenisse het, byvoorbeeld:

Bv. Die **skool** kom uit (kinders) vs. Dit is 'n nuwe **skool** (gebou).

Ek gaan **skool** toe (gebou) vs. Ek hou van **skool** (werk).

22. B: mens

4 punte

Verduideliking:

Paronieme het dieselfde stam , byvoorbeeld:

mens (stam) -

- **bomenslike**
- **onmenslike**
- **menslik**
- **mense**



23. meer opgewonde mees opgewonde

3 punte

Verduideliking:

As 'n meerlettergrepige woord op 'n **e** eindig, gebruik ons meer en mees, byvoorbeeld:

opgewonde – meer opgewonde – mees opgewonde

*Die kinders is **opgewonde** omdat die skool begin; die pa's is **meer opgewonde**, maar die ma's is die **mees opgewonde** van almal.*

24. " | ! | " | , | ?

10 punte

Verduideliking:

(")Ek het nou genoeg gehad**(!)(")** skree die kwaai juffrou.

Ma**(,)** wat eet ons vir aandete**(?)**

25. Die verkeersman beveel dat Jan dadelik daar oorkant moet stilhou.

3 punte

Verduideliking:

- Aanhalingstekens en dubbelpunt val weg.
- Uitroepteken val weg.
- Voornaamwoorde verander.
- Werkwoord skuif na die einde van die sin.
- Voeg 'dat' by.
- Voeg 'moet' by.

Die man beveel dat die kinders hulle huiswerk moet doen.

Totaal: 99 Punte

